# 9 September 2023 - Lesing 122 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

Jesaja 14

*11 Jou (Lucifer) se trots is neergewerp in die Doderyk/ Sheol, die geruis van jou harpe; onder jou is wurms as 'n bed gesprei, en maaiers is jou bedekking.*

*12 Hoe het jy uit die Hemele geval, o Heylel (Lucifer), seun van Shagar(die dageraad)! [Hoe] lê jy teen die Aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! [Psalm 139:7 - 9; Boekrol van Henog 44; 86:1; JeshaJaH 7:11; JeségiEl 28; Lukas 10:18]*

*13 En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die Hemele, my troon verhef bo die Sterre van El en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.*

*14 Ek wil styg bo die hoogtes van die wolke, **my gelykstel met die Hoogste El!** [Odes van Salomo 38:9 - 14]*

*15 Ja, **in die Doderyk/Sheol sal jy neergewerp word**, in die diepste plekke van die put!*

## Bertha Dudde deur die Innerlike Woord

Voortydige terugkeer van Lucifer – 19/1/60

**NO: 7503** Aan julle sal ook steeds die waarheid gestuur word, soos wat Ek dit beloof het. Ek sal julle nie met verkeerde denke laat, indien dit julle wil is om in die waarheid vas te staan nie.

Dit is 'n verkeerde opvatting om te praat van die terugkeer van My teenstander Lucifer, **wat nog ewighede sal verg,** voordat hy **self** met hierdie terugkeer na My begin.

Ek sê steeds weer vir julle, dat dit met hom anders gesteld is as met die van My eens afgevalle wesens, wat wel ook hulle liefde vir My opgegee en hulleself vrywillig van My verwyder het en daarom neergestort het in die diepste duisternis. Maar hulle was, ofskoon ook met vrye wil toegerus, wesens wat deur hom beïnvloed was, **aan wie hy homself as "God" voorgestel het** en hulle dus aangespoor het om hom te volg. En hulle het hulleself laat verblind deur sy lig en skoonheid, waarin hy nog steeds gestraal het, voordat sy definitiewe skeiding van My plaasgevind het.

Hierdie wesens kon My nie sien nie en daarom het hulle hom gevolg. **Maar Lucifer self het My erken**. Hy het geweet dat hy uit My voortgekom het, al kon hy My nie sien nie. **Hy het heel bewustelik gesondig teen My.** Hy het homself bo My gestel en daardeur 'n skuld op homself gelaai, waarvoor hy ewighede nodig sal hê om dit uit te boet, omdat hy ook nie die weg gaan wat Ek vir die wesens voorberei het nie.

Die weg deur die skeppings van hierdie aarde, deur die materie, **omdat hy nog steeds as vrye gees werksaam is in 'n negatiewe sin**, omdat hy as My teenpool invloed uitoefen op al die geestelike wat as mens beliggaam oor die aarde gaan.

**Sy vryheid is nie van hom weggeneem nie**, maar hy gebruik dit verkeerd. Dieselfde weg, waaroor hy homself van My verwyder het, moet hy ook weer aflê om by My uit te kom. En hy het sy gemoed glad nie verander nie. Hy is nog steeds vol haat en vyandskap teenoor My, omdat hy homself gelykwaardig aan My voel en My die krag misgun, wat hy ook van My ontvang het, solank hy in liefde met My verbonde was. **In sy verkeerde denke sien hy in sy aanhang die hele volheid van sy krag.** En hierdie aanhang is baie groot en sal nog lank nie 'n gevoel van swakheid in hom laat opkom nie.

Maar vir solank is daar ook nie aan 'n terugkeer van hom te dink nie, **hy glo nog steeds dat hy My kan onttroon en homself hierop verhef**. Maar een ding is seker, dat al die geestelike hulself al op die weg van terugkeer na My sou bevind het, wanneer hy eers self hierdie weg sal aanvaar. Want wat hy doen, sal sy aanhangers ook onherroeplik doen, om welke rede hierdie opvatting verkeerd is, dat dit alleen sy aanhang is wat werksaam is in die laaste tyd.

Hy, Lucifer, is en bly die vors van die duisternis. En hy sal sy ryk nog lank nie verlaat om die lig tegemoet te gaan nie. Hy sal nog dikwels deur My gebind moet word, as hy homself op 'n manier besighou, dat die gevaar bestaan dat die mens elke moontlikheid ontneem word om die weg na My te vind, **wat altyd aan die einde van 'n verlossingsperiode sal gebeur, waarin aan hom groot vryheid verleen word,** wat hy ten volle benut.

Dit sal 'n lang tyd vereis tot sy aanhang hulle van hom vrymaak. Maar geen sekonde vroeër sal My teenstander sy weerstand teen My opgee nie, wat Ek voorsien het sedert die ewigheid. En Ek kon sy wil diensbaar gemaak het vir My verlossingsplan, wat Ek egter nooit sou gedoen het nie, wanneer daar maar die geringste vooruitsig sou bestaan van 'n wilsverandering, wat My die verlore seun sou terugbring.

Hy sal nie vroeër aan die pad terug begin, **as wanneer hy verswak op die grond sal lê nie.** En hy moet dan eers My krag vir hom afsmeek om op te staan en na My te kan terugkeer.

Maar dan sal hy ook met ope arms ontvang word, want My Liefde ken geen einde nie. En ook die allerdiepste gevallene word deur My Liefde aangestraal, tot hy weer die weg na My teruggevind het van Wie hy eens weggegaan het, totdat hy weer in die vaderhuis sal kom en nou ewig onuitspreeklik geluksalig sal wees. Amein.